

HOOR JY DIE BASUINE

Kind van God



Wie onreg doen, laat hom nog **meer** onreg doen
en wie vuil is, laat hom **nog** vuiler word
en laat die regverdige **nog** regverdiger word
en laat die heiliger **nog** heiliger word - **Opb 22:11**

Neem die gene van 'n Hollander, die tipe, wat homself vir vyftig jaar teen al die kragte van Spanje verdedig het, en dit oorleef het, in die tyd toe Spanje die magtigste land ter wêreld was. Meng dit met die gene van 'n suiwer protestantse gelowige Franse Hugenoot, wat bereid was om huis en vaderland te verlaat vir sy geloof, onder die druk van Nantes. Die produk, onwaarskynlik, moet een van die mees hardste onoorwonne ras wees wat die wêreld nog ooit gesien het. Neem nou hierdie unieke mens en lei hom op vir sewe generasies in konstante oorlogvoering, waar geen swakkeling die more sou sien nie – net die sterkste kon oorleef. Plaas hom in 'n posisie waar hy die vaardigheid van 'n ruiter en geweer moes bemeester. Sit hom in 'n oop, onbewerkte, wilde vrye land waar net 'n jagter kon voortbestaan. Laastens sit 'n tikkie fyn temperament op sy militere vaardighede, meng dit dan met 'n fantalistiese Ou Testamentiese godsdiens en 'n sterk onwrikbare patriotiese geloof. Kombineer al hierdie kwaliteite en die gene in een mens, en jy kry –
die Suid Afrikaner.

Suid Afrika – Hoe is dit moontlik dat so ‘n mooi verhaal in ‘n **nagmerrie** verander het. Eens was hierdie land, vir jou, ‘n land van melk en heuning. Jou voorvaders het met die enige, ware lewende God gewandel. Jou geskiedenis getuig dit. Oor en oor lees jy hoe God hulle gelei, ge-eer en versorg het, en hoe hulle Hom gedien het – As daar iemand is wat weet dat God bestaan en doen wat Hy belowe, is dit jy – Suid Afrika. Daar was ‘n dag toe jou stem eendragtig onder die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see, en oor ons ewige gebergtes geweergalm het!! “Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra; Ons sal lewe, ons sal sterwe – ons vir jou Suid Afrika”. Dit het weergalm en die kranse het hulle antwoorde gegee. Wat het geword van jou Suid Afrika? Wat het van jou stem geword wat volke laat bewe het, omdat hulle ‘n lewende God daarin gehoor het! ‘n Stem wat uitgeskree het – “Soos ons vadere vertrou het, leer ons vertrou, o Heer – Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer”.

Die Stem van Suid Afrika

Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee.
die Deur ons ver verlate vlaktes met die kreun van ossewa,
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid Afrika.

Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra;
Ons sal lewe, ons sal sterwe – ons vir jou, Suid Afrika.

In In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
ons roem op ons verlede, in ons hoop wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf –
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.

**Vaderland! ons sal die adel van jou naam in ere dra;
Waar en trou as Afrikaners – kinders van Suid Afrika.**

**In songloed van ons somer – in ons winterdag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
By die klink van huweliksklokkies, by die kluitklap op die kis –
Streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is.**

**Op jou roep sê ons nooit nee nie, sê ons altyd, altyd ja;
Om te lewe, om te sterwe – ja ons kom Suid Afrika.**

**Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou;
Skenk ook ons die krag, o Here! Om te handhaaf en te hou –
Dat die erwe van ons vad're vir ons kinders erwe bly;
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.**

**Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer -
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.**

Nou is die reg ver van jou en bereik die geregtigheid jou nie, jy wag om lig maar kyk, dit is net duisternis, jy wandel in dikke donkerheid. Jy tas rond langs die muur soos blindes, jy struikel en jy is soos dooies onder gesondes. Jy brom soos bere, en soos duiwe koer jy aanhoudend. Jy wag op reg maar dit is nie daar nie, dit bly ver van jou. Jou oortredinge het baie geword voor God, dit loop oor. Jou sondes en ongeregthede getuig teen jou. Jy het van God verval en jy verloën jou Here. Jy het ver afgewyk van God. Die uitspreek van verdrukking en oortreding, die opneem en uitstoot van leuntaal uit jou hart. **Jes.59v9-13.** Jy het opstandig, besoedeld en verdruk geword. Jy luister na geen vermaning nie, jy neem geen tugtiging aan nie, jy vertrou nie op die Here nie, jy nader nie na God toe nie. Jou vorste is brullende leeus,

jou regters is aandwolwe wat niks vir die môre oorlaat nie. Jou profete is ligsinnig, trouelose manne, jou priesters verontreinig wat heilig is, hulle verkrag die waarheid **Sef. 3v1-4**. Jou vorste is opstandig en metgeselle van dieuwe, elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloning na **Jes 1v23**. Jou profete sowel die priesters is goddeloos, selfs in God se huis word hulle booshede gevind. Jy luister na hulle woorde, hulle vervul jou met ydele verwagtinge, gesigte uit hulle eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die Here nie. **Jer. 23v11-17**. Hulle het nietigheid gesien en leunagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Die Here het gespreek – terwyl die Here hulle nie gestuur het nie. **Esg. 13v6-7** Jou leraar het huurlinge geword **Joh. 10v12-13** en streef hulle ore **2 Tim. 4v1-5**, 'n wederstrewige volk. **Jes. 63v10**. Jou offergawes is 'n gruwel vir God, want dit is skynheilig. God verdra nie meer jou samekomste, bid dae, verootmoediging, nuwemane, sabbate en feestye nie, dit is vir Hom 'n oorlas. Hy haat dit en Hy is moeg om dit te dra,

en as jy jou hande uitbrei, om Hom te prys en te loof – bedek Hy Sy oë. Hy luister nie meer na jou menigvuldige gebede nie. **Jes 1v13-15**. Die waarheid struikel op die mark en wat reg is kan nie binnekom nie. Ja die waarheid word vermis en geplunder. Die Here sien dit en dit is baie verkeerd in Sy oë. **Jes.**

59v14-15. Jy sê die weg van die Here is nie reg nie. **Esg. 33v17**.

Jy aanbid mammon en jy vergader vir jou aardse skatte in hierdie dae. **Jak 5v3**. Vir jou sport betaal jy duur en trek op in jou duisende. Besope sit jy naweke en dien jou sportgod **2 Tim 3v4**. Jy dink God sien dit nie. **Esg. 8v12**. Jy gooi jou kinders vir die wolwe. **Psm106v37** en besoedel jou en hulle met die allernuutste tegnologie; en jy sê jy ek kyk maar net die goeie programme. Jou mans is nie meer priesters van hulle huise nie **Hosea 4v6, Mal. 1v6**. Jy aanbid 'n ander Jesus **2 Kor. 11v4**, en weet dit nie eers nie. **Opb. 3v17**. Jy haat, vloek, skel, steel, rook, drink, vervloek, baklei en hoereer en jy sê dit is nie sonde nie! **2 Tim. 3v1-5**. Jy hou allerhande feeste om geld in te samel – en jy

- dit is mos vir die Here. Jy leer jou kinders van liewe Jesus met Sy mooi blou oë **Luk. 2v7**, maar jy sê vir hulle niks van Sy vuurvlammende oë nie **Luk. 12v49, Opb. 19v12**. Jy doop jou kinders en leer hulle dan dat hulle op God se lysie is. Wanneer hulle oor en sondig – sê jy vir hulle, “moenie bekommerd wees nie, julle is mos op Sy lysie en niks kan julle weer daarvan afhaal nie”. Jy verwerp ware goddelike heiligmaking waarsonder niemand God sal sien nie! **Hebr. 12v14**. Jy sê, jy is bekeer maar dra nie die vrugte van bekering nie – jy sê jy is wedergebore maar het geen getuienis nie. Jy sê jy is ‘n kind van God – maar van watter god? Suid Afrika jy gaan ten gronde weens die gebrek aan Bybelse kennis. **Hos. 4v6**. Jy dien God met jou lippe, en nie met jou hart nie. **Jes. 29 v13**. Jy moet jou weer laat was, reinig, jy moet die boosheid van jou wegneem. Jy moet ophou om kwaad te doen. Jy moet weer jou saak met God uitmaak – jy moet weer tot bekering kom **Jes. 1v18-20**, jy moet weer die regte vrugte dra at. **3Mv8**. “So spreek die Here – HERE; staan op die weë,

en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siele. Maar julle sê: ons wil daarin nie wandel nie.”

Jer. 6v16.

In een oomblik – sal Ek spreek oor ‘n nasie en oor ‘n koninkryk om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig. **Jer. 18v7.** As ‘n land teen my sondig deur troubreek te begaan, en ek My hand daarteen uitsteek en die straf van die brood daarvan verbreek en ‘n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mense en diere uitroei. **Esg. 14v13.** Kyk die dag van die Here kom, verskriklik met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ‘n woesterny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. **Jes. 13v9, Jes. 24v1-23,** en niemand kan dit keer nie. **Jes. 14v24-27.**

God se roepstem – Sommige in die liggaam van Christus,

hoor meer duideliker as ooit tevore **Joël 2v28-29, Hand. 2v17-18**, die roepstem om nou klaar te maak. **Luk. 21v28**. Hulle hoor die geroep van die hemel, om hulle posisie in God se weermag te vind. Die dringendheid van die uur word intens aangevoel. Hulle wil net meer, en meer word van dit waarvoor God hulle geroep het. Soldate vir Christus ontwaak en bewapen hulle self, hulle oor gevestig om net te hoor wat God se spesifieke opdrag nou vir hulle is. **Rom.1v13-14**. Bestaande uit 'n groep hoogs, gedissiplineerde soldate, net gefokus op Jesus Christus. Hierdie soldate het hulle totaal oorgegee aan God en kom persoonlik onder die opleiding van die Allerhoogste uit. **Gal. 1v12**. Hulle ken al te goed die aanhoudende toetse, kastyding, tugtiging en die duur prys van die gesalfde. **Hebr. 12v6-12, Opb.3v19**. Hulle offer hulle liggame as 'n lewende, heilige offer. **Rom. 12v1-2** want hulle weet dit behoort nie aan hulself nie. **1 Kor. 6v19**. Hulle antwoord die roepstem van hulle Bevelvoerder en gee net ag op Sy bevele.

Hierdie weermag bestaan uit nederige soldate wat net God se stem volg en Jesus se voorbeeld van “wees heilig soos Hy heilig is” **1 Petr. 1v15**. Hulle is afgesonder van die gewone – die wêreld **Gal. 1v15**. Hulle verstaan volkome wat heiligmaking is. **1 Thes. 5v23**, hulle hou net vas aan die gesonde leer. **2 Tim. 3v10-17**. Hulle volhard net in wat die Bybel leer. **1 Tim. 4v16** terwyl hulle konstant oorgee, aflê, oorwin en daaglik hulle kruis opneem. **Mat. 16v24**. In geloof, reinig hulle hul dag en nag. 1 Joh.3v3 met ‘n sterk innerlike verwagting dat hulle Koning hulle enige oomblik gaan kom haal. **Tit. 2 v12-13**. Hulle leef nie meer nie maar Christus leef in hulle. **Gal. 2v20**.

God se opleiding – God self het hulle in die olyfpers geplaas, sodat hulle ryker en suiwerder olie kan lewer. **Lev. 24v2**. Hulle volhard in die pers en laat God toe om hulle meer en meer na Sy wil te vorm. Jer. 18v4. Hulle besef die tyd het nou aangebreek om getoets te word **Dan. 12v10**,

met net een doel voor oë, om binnekort as Sy Bruid vlekloos ge-openbaar te word. **2 Petr. 3v14**. God se hand druk sterk op hulle **Psm. 118v18**. Situasië en geleenthede dek die tafel om deur hierdie persproses, volwasenheid in God te vorm. Hierdie druk proses bring duidelike verandering mee terwyl hulle God se ligdraers word in donker verlore wêreld **2 Tim. 3v1-9** wat geen toekoms meer inhou nie en vinnig besig is om agteruit te gaan **2 Thes. 2v3**. Hulle maak daaglikse keuses om God toe te laat om hulle meer en meer te pers – in alles – sodat hulle alles kan wees waartoe Hy hulle geroep het. Profetiese openbarings word vir hulle duideliker by die dag en die Here openbaar baie dringend die tyd en die toekoms van hierdie wêreld aan hulle. **Amos 3v7-8**. Hierdie weermag van soldate leer om nie die weg wat vir die mense reg lyk te volg nie **Spr 14v12** – maar wel, net die weg van God, soos hulle voorvaders getuig het. **Spr. 3v2-8**. Die weg waarop die Heilige Gees hulle ly **Rom. 8 v14**. Hulle maak net staat op die krag van die Here Jesus.

God pers hulle aanhoudend en hulle lewer konstant vars, suiwer, kwaliteit uitgeperste olie. Dit doen hulle met 'n blymoedige hart. **1 Petr. 4v13**. Hierdie soldate kom diep uit die woestyn en is die gesalfdes van die Here. Hulle baan nou die weg onder die leiding van die Heilige Gees – met net een – dringende boodskap – **KIND VAN GOD – MAAK REG – MAAK KLAAR – BEKEER JOU – DIE HERE IS OPPAD!** Binnekort, kom daar 'n verskriklike oordeel oor hierdie wêreld!!! Kom in die “ark” voordat die deur toegemaak word en dit te laat is. **Gen. 7v1**. Hierdie boodskap is self deur God op die tafels van hulle harte ingegraveer. **Esg. 3 v8-11**.

Die woord van God gee ons duidelike voorbeelde oor en oor waar die olie uitgegiet word. **Lev. 21 v10**. Die olie is kosbaar en prysloos. **Joh.12 v3**. Onthou Jesus in die tuin van Getsemane. **Mark. 14 v32-42**. Hy was daar gepers sodat die salwing wat die toekoms vir ons bepaal het, kon gelewer word.

Jesus het sy wil totaal en al aan die Vader oorgegee. **Mark. 14 v36.** Getsémané beteken self – oliepers. Ons moet ondervind hoe ons gepers word om totaal onder die wil van ons Vader in te kom. Die pers is nodig, om suiwer olie op die regte tyd te lewer. Ons moet nie gefrustreerd word en murmereer as ons in die oliepers van God is nie **Hebr. 12 v7-8** as ons, ons totaal oorgee – lewer dit suiwer uitgeperste olie. Alhoewel dit so voel, is die doel nie om ons te vernietig nie, maar liever om ons te versterk. **Jak. 1v12.** Ons moet nie weerstand bied teen die werk wat God in ons begin het nie. **Fil. 1v6.** Onthou die wat voor ons deur dieselfde pers moes gegaan het **Hebr. 11 v1-40.** Kind van God waar staan jy vandag – getuig jou lewe van suiwer uitgestamppte olie – Hoor, die basuine blaas wêreldwyd! **Maranatha!** Naby, voor die deur!!!

Opb. 1v3

Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God kom toe die eer en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen! 1 Tim. 1v7